DIE VERSOENBAARHEID VAN WILD EN NGUNIS KOMBINASIE VAN WILD EN BEESTE

'n Besluit om wildboerdery met beeste te kombineer moet met oorleg geneem word. Boerdery diversifisering hou bepaalde voordele vir die boer in. Indien verskillende ondernemings gekombineer word sal produksiekoste verlaag en kontantvloei stabiliseer. Dit is ook die geval wanneer wild- en beesboerdery gekombineer word en gevolglik is gediversifiseerde plase ekologies en ekonomies meer lewensvatbaar. 'n Monokultuur boerdery hou wel die voordeel in van hoër effektiwiteit en eenvoudiger bestuur, maar die produksie van meer as 1 diersoort sal die boer se produksie en ekonomiese risiko versprei en is hy minder vatbaar vir prysskommelings wat geassosiaeer word met veranderinge in die mark.

Behoorlike bestuurde diversiteit kan ook die boerdery in 'n biologiese sin bevoordeel. Verskillende wildsoort is byvoorbeeld gashere vir verskillende parasiete. Indien die beeste op 'n gediversifiseerde plaas gereeld gedip en gedoseer word sal baie van hierdie parasiete beter bestuur kan word.

Sekere wildsoorte is gladnie met beeste versoenbaar nie a.g.v. die feit dat sekere wildspesies draers is van siektes is wat aansteeklik is vir beeste. Blouwildebeeste en swartwildebeeste is draers van snotsiekte (malignant catarrhal fever) wat oordraagbaar is na beeste. Snotsiekte was 'n beheerde siekte tot 1930 en die beweging van wildebeeste was beperk deur regulering. Sedert die beheermaatreels gelig is in April 1993, was daar 'n merkbare verhoging in die uitbreek van snotsiekrte onder beeste. Die siekte is egter nie aansteeklik tussen beeste nie.

Sekere wildspesies ding ook mee om dieselfde weiding as beeste en moet daarom beperk word. Oorwegend grasvretende wild se getalle moet liefs laag gehou word soos bv sebras, rooihartbeeste, gemsbokke en waterbokke. Spesies wat hoofsaaklik blaarvreters is sal makliker met beesboerdery gekombineer kan word. Voorbeelde hiervan is; koedoes, njalas, kameelperde en elande. Dit is verder ook belangrik om wild aan te hou wat nie die kampdrade sal beskadig of hulleself sal beseer nie. Koedoes, elande en rooibakke spring baie maklik oor 'n 1,2m binnedraad. Kameelperde leer ook gou die binnedrade ken en tree oor die drade en sal ook deur oop hekke stap na ander kampe.

Ekonomiese lewensvatbaarheid

Vandat wildboerdery in Suid-Afrika in die vroeë 1980's posgevat het, het beesboerdery dienooreenkomstig stelselmatig afgeneem. Sekere dele van die land het vanaf beesboerdery totaal oorgeskakel na wildboerdery. So het die gebied agter die Soutpansberg wat vroeër beesplase was verander in wildplase. Wildheinigs het opgeskiet en binnedrade het verdwyn. Tradisionele beesboere het plek gemaak vir wildboere wat meestal proffesionele- of besigheidsmense is wat in die stad woon. In baie ander gebiede soos Thabazimbi, Ellisras, Hoedspruit en Pongola het dieselfde gebeur. Dit het later uitgebrei na feitlik elke provinsie in die land. Hierdie paradigma skuif het verreikende gevolge vir beesvleisproduksie in die land.

Wildboerdery het egter met sy eie probleme gekom:

- Die verhouding tussen grondwaarde en opbrengs van wild is negatief.
- Ekstensiewe wildboerdery is nie kwantifiseerbaar en moeilik meetbaar.
- Dit verg baie kapitaal om 'n verskeidenheid wildspesies gevestig te kry.
- Die nuwe wapenwet het baie jagters afgeskrik
- Die sterk vertoning van die rand in vorige jare het dit duurder vir buitelandse jagters gemaak om hier te kom jag.
- Buiten die binnelandse jagbedryf is min alternatiewe markte geskep vir wildsvleis.
- Hoë kapitale uitleg vir infrastruktuur om akkommodasie te skep.

Pryse van tradisionele wildsplase het die afgelope 3 jaar verdubbel. Grond in die Musina / Alldays omgewing is ± R 3000/ha, Ellisras R 6-10 000/ha en Thabazimbi R 7 8 000/ha. Baie van hierdie gebiede het 'n lae drakrag en is die verhouding van kapitaal geïnvesteer tot opbrengs baie laag en die enigste manier om hierdie verhouding te verbeter is om die dier waarmee geboer word se waarde te verhoog. Die pryse van wild het die afgelope 3-4 jaar gedaal terwyl beespryse baie gestyg het. Daar was veral 'n merkwaardige toename in die pryse van Ngunis.

Die gemiddelde prys van nguni verse vir die 2006/2007 seisoen was R 12 000. As dit vergelyk word met 'n dier van soortgelyke grootte en wat dieselfde hoeveelheid weiding benut soos bv blouwildebeeste was hulle pryse R 1 600. Uit die tabel van 2 wildveilings wat gehou is te Alldays 5 jaar uitmekaar is die volgende duidelik; alhoewel sekere spesies 'n klein verhoging in prys gehad het, het die meeste van die wildpryse met gemiddeld 19% oor die periode van 5 jaar gedaal. Dit sal dus finansieël wys wees om seker wildsoorte op 'n wildsplaas, soos bv blouwildebeeste te vervang met Ngunis om die winsgewenheid van die belegging te verbeter.

Gemiddelde Wildveilingspryse van Hanley Wildvangdienste - Alldays
(gemiddelde daling van 19% oor 5 jaar)

	30 September 2002	27 Julie 2007
Blouwildebeeste	R 2246	R 1624
Elande	R 5020	R 5644
Gemsbokke	R 3971	R 5050
Kameelperde	R16 750	R 15 500
Koedoes	R 1811	R 1998
Sebras	R 5300	R 4925
Njalas	R 12472	R 5278
Rooibokke	R 846	R 630
Waterbokke	R 6 766	R 4000

Om wild van die hand te sit bied talle uitdagings. Daar is slegs 2 maniere en dit is om wild te laat jag of lewendig te verkoop deur hulle te laat vang. Dit bring my by die verdere punt dat daar 3 verskillende pryse is wat wild teen verhandel word, nl: Jagprys (Biltong- en trofeejag), lewendig op die plaas aan die wildvanger en dan wildveilingspryse. Daar bestaan 'n merkwaardige prysverskil in hierdie metodes. Beeste daarenteen is maklik hanteerbaar en verhandelbaar.

Bestuur en beheer

Wanneer met wild ekstensief geboer word is dit moeilik om idividuele diere te identifiseer en prestasie op te teken. So kan kalfintervalle en vrugbaarheid nie bepaal word van 'n sekere dier in 'n trop nie. Dit staan in sterk kontras met die Nguni stoetteler wat elke dier se data kan opteken. Verder is die verhouding van manlike tot vroulike diere by wild baie hoër as by beeste en sodoende moet meer onproduktiewe grasveters aangehou word.

Om optimale benutting van weiding te verseker is dit raadsaam om 'n gediversifiseerde boerdery op die been te bring en daarom sal die kombinasie van wild en beeste in sekere gebiede voordelig wees vir die boer. Indien wildboerdery 'n sekondere en komplimentere bedryf is tot ekotoerisme en die jagbedryf is dit tot voordeel van 'n gediversifiseerde boerdery en ekonomies meer susksesvol.